

Vertroulik



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V2

MEI/JUNIE 2025

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.
3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.
4. Laat 'n reël oop tussen die onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.
5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.
9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.
10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1020 hPa, 14 °C en 45 m.
11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.
13. Skryf netjies en leesbaar.



SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 3222CD en 3422AB GEORGE en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 3322 CD 24 GEORGE-WES ('WEST') word voorsien.
15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.
16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.
17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer. ...

AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Kies die term/konsep in KOLOM B wat die stelling in KOLOM A voltooi. Skryf slegs **Y** of **Z** langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 Y.

KOLOM A	KOLOM B
1.1.1 ... verwys na die ligging van 'n landelike nedersetting in verhouding tot die omliggende omgewing	Y Standplaas Z Ligging
1.1.2 ...nedersettings kom voor in areas waar watertoevoer skaars is	Y Waterpunt Z Droëpunt
1.1.3 Die skets hieronder illustreer 'n ... landelike nedersetting 	Y kern Z verspreide
1.1.4 'n Voordeel wat algemeen met 'n verspreide landelike nedersettingspatroon geassosieer word, is ...	Y groter veiligheid Z groter winste
1.1.5 'n ... nedersetting word deur primêre aktiwiteite gedomineer	Y Landelike Z Stedelike
1.1.6 Die vorm van die nedersetting in die skets hieronder is ... 	Y halfsirkelvormig Z lineêr
1.1.7 'n Sirkelvormige nedersetting kan deur 'n ... beïnvloed word	Y waterpunt Z rivier
1.1.8 ... boerdery kom voor wanneer landbou ekstensief beoefen word	Y Grootskaalse Z Kleinskaalse

(8 x 1) (8)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde gegee op die volgende vrae wat op stedelike morfologie gebaseer is. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.8 D.


1.2.1 Die ... straatpatroon word algemeen in die sentrale sakegebied van ou stede gevind.

- A onreëlmatige
- B radiale
- C rooster- (ruit-)
- D lineêre

1.2.2 Verkeersopeenhoping word met die ... straatpatroon geassosieer waar paaie in 'n stadsentrum bymekaar kom.

- A kruispad-
- B radiale
- C onreëlmatige
- D rooster- (ruit-)

Verwys na die straatpatrone hieronder om VRAAG 1.2.3 tot 1.2.5 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.2.3 'n Eienskap van straatpatroon **P** is dat die strate ...

- A geen orde toon nie.
- B van 'n sentrale punt uitstraal.
- C onreëlmatig van vorm is.
- D mekaar reghoekig kruis.


1.2.4 Die straatpatroon **R** word deur ... gekenmerk.

- A ruitnetkruisings
- B sirkelvormige paaie
- C baie stopstrate
- D plat grond

1.2.5 Die voordele van straatpatroon **Q** is:

- (i) Maklik om te beplan
 - (ii) Gladde verkeersvloei
 - (iii) Bespaar brandstof
 - (iv) Reëlmatig gevormde standplase
- A (i) en (iii)
 - B (ii) en (iii)
 - C (ii) en (iv)
 - D (i) en (ii)

Verwys na die skets van 'n stedelike profiel hieronder om VRAAG 1.2.6 en 1.2.7 te beantwoord.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.2.6 Die profiel in die skets is 'n ...-aansig van die stad.

- A plan
- B lug
- C sy
- D skuins

1.2.7 TWEE eienskappe van die stedelike profiel in die skets:

- (i) Hoogste geboue in die SSK
 - (ii) Laagste gebouidgtheid in die SSK
 - (iii) Hoogste gebouidgtheid in die SSK
 - (iv) Hoogste geboue aan die buitewyke
- A (i) en (ii)
 - B (i) en (iii)
 - C (ii) en (iv)
 - D (iii) en (iv)

(7 x 1) (7)

- 1.3 Verwys na die uittreksel en die diagram hieronder wat op grondhervorming gebaseer is.

GRONDHERVORMING IN SUID-AFRIKA

Ná naastenby drie dekades van demokrasie bly grondhervorming steeds vir Suid-Afrika se transformasiebeleide belangrik. Die vordering gemaak, is beter as wat politici voorgee. Wanneer die vordering met grondhervorming hersien word, moet ons daarop let dat grondhervorming uit drie programme bestaan: grondherverdeling, grondrestitusie en grondbesit.


Vir die eerste 10 jaar van die grondhervormingsprogram het die regering 'n markondersteunende ekonomiese beginsel van grondherverdeling toegepas volgens die gewillige-koper-gewillige-verkoper-beginsel. Verskeie uitdagings is met die toepassing van hierdie beginsel ervaar.

[Aangepas uit <https://theconversation.com/this-is-how-president-ramaphosa-got-to-the-25-figure-of-progress-in-land-reform-in-south-africa>]

[Aangepas uit <https://www.mdpi.com/2073-445X/11/7/974>]

- 1.3.1 Haal bewyse uit die uittreksel aan om te toon dat daar vordering met grondhervorming was. (1 x 1) (1)
- 1.3.2 Verwys na die diagram en noem die grondhervormingsprogram wat daartoe gelei het dat 6,68 miljoen hektaar grond aan die regmatige grondeienaars teruggegee is. (1 x 1) (1)
- 1.3.3 Volgens die uittreksel, noem die ekonomiese beginsel wat vir grondherverdeling in Suid-Afrika gebruik word. (1 x 1) (1)
- 1.3.4 Beskryf die uitdagings geassosieer met die grondherverdelingsbeginsel wat gebruik word (antwoord op VRAAG 1.3.3). (2 x 2) (4)
- 1.3.5 Verduidelik TWEE moontlike sosiale faktore wat grondrestitusie in Suid-Afrika vertraag. (2 x 2) (4)
- 1.3.6 Stel voor hoe grondhervorming ekonomiese sekuriteit vir mense in landelike gebiede in Suid-Afrika kan gee. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die sketskaart hieronder wat grondgebruiksone en grondgebruik in 'n stedelike gebied toon.



[Bron: Eksaminator se eie skets]

- 1.4.1 Wat is 'n stedelike grondgebruiksone? (1 x 2) (2)
- 1.4.2 Waarom kom verskillende grondgebruiksone voor? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Gee TWEE faktore wat op die sketskaart sigbaar is, wat die ligging van die hoë-inkomste residensiële gebied beïnvloed het. (2 x 1) (2)
- 1.4.4 Verwys na die oorgangstone by **B**.
- (a) Noem EEN kenmerk van hierdie sone. (1 x 1) (1)
- (b) Waarom omring die oorgangstone nie grondgebruiksone **A** geheel en al nie? (1 x 2) (2)
- 1.4.5 Wat is die belangrikheid van groengordels in stedelike nedersettings? (1 x 2) (2)
- 1.4.6 Waarom is die ligging van die lae-inkomste residensiële gebied 'n voordeel en 'n nadeel vir die inwoners van hierdie gebied? (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die uittreksel hieronder oor verkeersopeenhoping in Kaapstad.

VERKEERSOPEENHOPING – KAAPSTAD

Kaapstad het die meeste verkeersopeenhopings in Suid-Afrika en is negende op die wêreldranglys. Die 2023 Globale Verkeerstelkaart, wat meer as 940 stede geanaliseer het, het bevind dat in 2023 *pendelaars in Kaapstad, met 'n gemiddelde reisafstand van 10,9 km, 'n gemiddeld van 83 uur weens verkeersvertraging gemors het.

Die stad se Burgermeesterskomiteelid vir Stedelike Mobiliteit het verduidelik waarom hulle miljarde opsy gesit het om nuwe infrastruktuur te ontwikkel om openbare vervoer te verbeter. Dit is nie slegs vir diegene wat tans openbare vervoerdienste gebruik nie, maar ook om 'n lewensvatbare alternatief aan voertuie met een insittende te verskaf.

'n Vervoeringenieur het op die radiostasie *Cape Talk* gesê dat die stad sy openbare vervoerstelsels moet verbeter aangesien dit 'n negatiewe impak op die ekonomie van die stad Kaapstad het.

***Pendelaars:** Mense wat daaglik werk toe reis

[Aangepas uit *Cape Talk*, Sibuliso Duba, 19 Julie 2024]

- | | | |
|-------|-------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|
| 1.5.1 | Volgens die uittreksel, gemiddeld hoeveel uur het Kaapstad se pendelaars in 2023 weens verkeersopeenhopings vermors? (1 x 1) | (1) |
| 1.5.2 | Hoe het verkeersopeenhopings 'n negatiewe invloed op die ekonomie van die stad Kaapstad? (1 x 2) | (2) |
| 1.5.3 | Waarom sal die verbetering van openbare vervoer nie alle pendelaars bevoordeel nie? (2 x 2) | (4) |
| 1.5.4 | In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel ontwikkelings met betrekking tot padinfrastruktuur voor wat Kaapstad-munisipaliteit kan instel om verkeersopeenhopings te verminder. (4 x 2) | (8) |
| | | [60] |

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.8 D.

2.1.1 ... is wanneer 'n land voldoende en voedsame voedsel het waartoe al sy mense toegang het.

- A Voedselonsekerheid
- B Hongersnood
- C Wanvoeding
- D Voedselsekerheid

2.1.2 'n Negatiewe ekonomiese faktor wat die produksie van voedsel in 'n land affekteer, is ...

- A 'n tekort aan kapitaal.
- B peste en siektes.
- C droogtes en vloede.
- D tegnologie en meganisasie.


2.1.3 'n Voordeel van die aanplant van geneties gemodifiseerde gewasse om voedselsekerheid te verbeter, is ...

- A dat saad vanaf nuwe gewasse herwin kan word.
- B groter weerstand teen peste en siektes.
- C dat produksiekoste laer is.
- D dat boere maklike toegang tot saad het.

2.1.4 'n Sosiale voordeel van lande met voedselsekerheid is dat hulle ...

- A minder voedsel invoer.
- B armoede verlaag het.
- C meer voedsel uitvoer.
- D armoede verhoog het.

Verwys na die grafiek oor voedselonsekerheid om VRAAG 2.1.5 tot 2.1.7 te beantwoord.



[Eksaminator se eie skets]

2.1.5 Die provinsie met die hoogste persentasie voedselonsekerheid in Suid-Afrika is ...

- A Noord-Kaap.
- B Gauteng.
- C Oos-Kaap.
- D Limpopo.

2.1.6 Gauteng het 'n lae persentasie voedselonsekerheid as gevolg van verhoogde produksie vanaf ... boere en 'n hoër ... koers.

- (i) bestaans-
- (ii) grootskaalse
- (iii) indiensnemings-
- (iv) misdad-

- A (i) en (iii)
- B (i) en (iv)
- C (ii) en (iii)
- D (ii) en (iv)

2.1.7 Provinsies waar die kernnywerheidstreke geleë is, is verantwoordelik vir ... van die voedselonsekerheid in Suid-Afrika.

- A 50%
- B 45%
- C 23%
- D 10%

(7 x 1) (7)


- 2.2 Pas die stellings by EEN van die tipes nywerhede in die lys hieronder. Opsies kan MEER AS EEN KEER gebruik word. Skryf slegs die naam van die tipe nywerheid langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.9 brugnywerheid.

vragverbrekingspuntnywerheid; ongebonde nywerheid; ligte nywerheid; markgeoriënteerde nywerheid; grondstof-georiënteerde nywerheid; swaar nywerheid; alomteenwoordige nywerheid

- 2.2.1 Geassosieer met minder besoedeling en is gewoonlik nie kapitaal-intensief nie
- 2.2.2 Naby aan die kliënt geleë omdat die goedere bederfbaar is
- 2.2.3 Kan enige plek geleë wees en is wyd verspreid
- 2.2.4 Geassosieer met hoë vlakke van besoedeling en beslaan groot ruimtes
- 2.2.5 Naby grondstowwe geleë wat bonkig/groot is
- 2.2.6 Ligging word nie deur grondstowwe of markte bepaal nie
- 2.2.7 Geleë waar goedere van een tipe vervoer na 'n volgende oorgeplaas word
- 2.2.8 Skoenvervaardiging is 'n voorbeeld van hierdie tipe nywerheid

(8 x 1) (8)

2.3 Verwys na die uittreksel en die grafiek hieronder oor beesvleisproduksie in Suid-Afrika.



2.3.1 Volgens die uittreksel en grafiek, watter provinsie het die laagste beesvleisproduksie in Suid Afrika? (1 x 1) (1)

2.3.2 Gee 'n rede vir die lae produksie in hierdie provinsie (antwoord op VRAAG 2.3.1). (1 x 2) (2)

Verwys na die grafiek.

2.3.3 Stel TWEE mensgemaakte faktore voor wat 'n verskil in die hoeveelheid beesvleisproduksie in die verskillende provinsies veroorsaak het. (2 x 2) (4)

2.3.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die belangrikheid van die bydrae van beesvleisproduksie tot die Suid-Afrikaanse ekonomie. (4 x 2) (8)

2.4 Verwys na die feitelêer en sketskaart hieronder van die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied.

FEITELÊER: SUIDWESTELIKE KAAP-KERNNYWERHEIDSGEBIED

- Die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied lok buitelandse beleggings, met 269 wêreldwye maatskappye wat oor die afgelope tien jaar R139,6 miljard belê het.
- 17 822 werksgeleenthede is oor die afgelope tien jaar in die provinsie geskep.
- Die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied produseer 9,8% van Suid-Afrika se bruto binnelandse produk (BBP).
- Die streek is strategies aan die Weskus van Suid-Afrika geleë.
- Dit het die tweede besigste vraghouerhawe en die tweede besigste lughawe in Suid-Afrika.
- Dit het uitgestrekte landbougrond wat nywerhede soos voedsel-en drankproduksie bevorder.



[Aangepas uit Larry Claasen Westgro Agency, 9 Junie 2024]

- 2.4.1 Watter persentasie bydrae maak die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied tot die BBP van Suid-Afrika? (1 x 1) (1)
- 2.4.2 Hoe verhoog buitelandse beleggings die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied se bydrae tot die BBP van Suid-Afrika? (1 x 2) (2)
- 2.4.3 Waarom is beleggings in ligte nywerhede algemeen in die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied? (2 x 2) (4)
- 2.4.4 Hoe het werkskepping in die Suidwestelike Kaap-kernnywerheidsgebied 'n positiewe impak op die mense van die gebied? (2 x 2) (4)
- 2.4.5 Verduidelik die positiewe impak van padinfrastruktuur en hawens (verwys na die sketskaart) op nywerheids groei in die gebied. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na die uittreksel en spotprent oor die informele sektor hieronder.

REGERING DOEN STAPPE OM DIE LEWENS VAN MENSE IN DIE INFORMELE SEKTOR TE VERBETER

In Suid-Afrika, waar daar meer as twee miljoen informele besighede is, is die informele sektor vir meer as 50% van die werksmag verantwoordelik. Nog belangriker is dat 30% van ons land se informele ekonomiese aktiwiteite in Gauteng plaasvind.

Terwyl hierdie syfers die grootte van die informele sektor in Suid-Afrika beklemtoon, vertel dit nie die menslike storie van hoe informele handel die lewens van ons mense verander nie.

Ons land word met hoë vlakke van werkloosheid gekonfronteer, en daar is geen twyfel dat daar 'n krisis is nie.

Die informele sektor speel 'n kritieke rol in dié verband. Dit is 'n belangrike deel van die regering se strategieë om aan werkloosheid aandag te gee en om kwesbaarheid te verminder. Daarsonder sal Suid-Afrika met selfs 'n groter krisis gekonfronteer word as wat dit nou in die gesig staar.

[Aangepas uit Y LEBOGANG MAILE, 6 September 2024]




[Aangepas uit

<https://www.google.com/url?sa=i&url=https%3A%2F%2Fwww.businesslive.co.za%>]

- 2.5.1 Haal 'n bewys uit die uittreksel aan dat handel in die informele sektor in Suid-Afrika hoog is. (1 x 1) (1)
- 2.5.2 Waarom stem student **A** nie met student **B** saam oor waarom handel in die informele sektor in Suid-Afrika hoog is nie? (1 x 2) (2)

2.5.3	Gee TWEE maniere waarop informele handel 'n positiewe, sosiale impak op die lewens van mense het.	(2 x 1)	(2)
2.5.4	Waarom is die regering genoodsaak om handel in die informele sektor as strategie te gebruik om aan werkloosheid aandag te gee?	(1 x 2)	(2)
2.5.5	Beskryf die swak omstandighede waaronder informele handelaars werk.	(2 x 2)	(4)
2.5.6	Verduidelik die negatiewe ekonomiese impak van die toenemende aantal informele handelaars in Suid-Afrika.	(2 x 2)	(4)
TOTAAL AFDELING A:			120

[60]

AFDELING B**VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE****ALGEMENE INLIGTING OOR GEORGE**

Koördinate: 33°55'S; 22°25'O

George is ideaal tussen Kaapstad en Gqeberha (Port Elizabeth) geleë, met 'n pragtige natuurlike omgewing en 'n gematigde klimaat. 'n Lae misdaadkoers en 'n nasionale lughawe is van die talle redes waarom die dorp aansienlike groei oor die afgelope twee dekades getoon het. Dit is 'n gewilde toeristebestemming as gevolg van staproetes in die natuur, voëlkykery, voetslaan, kanovaart, bergfietsry en perdry wat alles naby aan die dorp is.

[Aangepas uit <https://wikipedia.org/wiki/George>, Suid-Afrika]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings kom op die topografiese kaart voor:

ENGLISH

River
Golf course
Sewage works
Holiday resort
Estate
Showgrounds
Parks
Sports grounds
Dirt bike track
Landing strip

AFRIKAANS

Rivier
Gholffbaan
Rioolwerke
Vakansie-oord
Landgoed
Skougronde
Parke
Sportgronde
Grondfietsbaan
Landingstrook

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

Verwys na die ortofotokaart.

3.1.1 Die hoogte by **6** in blok **C1** is ... meter.

- A 175
- B 180
- C 185
- D 190

(1 x 1) (1)

3.1.2 Bereken die gemiddelde gradiënt van **7** in blok **D4** tot **8** in blok **A4** op die ortofotokaart.

Gebruik die volgende inligting:

Afstand gemeet (kaartafstand) tussen **7** en **8** op die ortofotokaart is 10,3 cm.

Formule: **Vertikale Interval (VI)**
Horisontale Ekwivalent (HE)

(4 x 1) (4)

3.1.3 Voltooi die ruitverwysing van die trigonometriese stasie 114 in blok **A5** op die topografiese kaart.

Gebruik die volgende inligting:

33° ...'55"S; 22°25'..."O

(2 x 1) (2)

3.1.4 Bereken die oppervlak van die begraafplaas by **F** in blok **E2** op die topografiese kaart in m².

Gebruik die volgende inligting:

Lengte = 0,9 cm

Breedte = 0,8 cm

Formule: **Oppervlakte = Lengte (L) x Breedte (B)**

(3 x 1) (3)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na blok **C1** en blok **C2** op die topografiese kaart.

3.2.1 Heather Park is 'n (hoë/lae)-inkomste residensiële gebied. (1 x 1) (1)

3.2.2 Gee EEN bewys vir jou antwoord op VRAAG 3.2.1. (1 x 1) (1)

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart.

3.2.3 Identifiseer die mensgemaakte verskynsel **9** op die ortofotokaart. (1 x 1) (1)

3.2.4 Gee 'n rede waarom die landelik-stedelike oorgangsonse 'n geskikte ligging vir hierdie mensgemaakte verskynsel is (antwoord op VRAAG 3.2.3). (1 x 2) (2)

Verwys na blok **D1/D2** en **E1/E2** op die topografiese kaart.

3.2.5 Identifiseer TWEE bewyse wat daarop dui dat George 'n gewilde toeristebestemming is. (2 x 1) (2)

Verwys na verskynsel **10** in blok **C1** op die ortofotokaart.

3.2.6 Verskynsel **10** op die ortofotokaart toon (gewasse/bome). (1 x 1) (1)

3.2.7 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.2.6. (1 x 2) (2)

Verwys na blok **D3** en **D4** op die topografiese kaart.

3.2.8 Identifiseer TWEE faktore wat die ligging van nywerhede in George Industria beïnvloed het. (2 x 1) (2)

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na die ortofotokaart.

- 3.3.1 Die ortofotokaart verteenwoordig (vektor/raster)-data. (1 x 1) (1)
- 3.3.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 3.3.1. (1 x 2) (2)

Verwys na blok **A5** op die topografiese kaart.

- 3.3.3 Noem die hoofdata laag wat ontwikkeling van die dorp in hierdie blok beperk. (1 x 1) (1)
- 3.3.4 Hoe beperk hierdie data laag (antwoord op VRAAG 3.3.3) ontwikkeling? (1 x 2) (2)

Verwys na verskynsel **G** in blok **C3** op die topografiese kaart.

- 3.3.5 Gebruik die tabel hieronder en pas die inligting in KOLOM A by KOLOM B. Skryf slegs die letter (A of B) langs die vraagnommers (1 en 2) neer, bv. 3 C.

KOLOM A	KOLOM B
1. Ruimtelike data van hospitaal	A. 200 beddens
2. Attribuu data van hospitaal	B. 33°57'11"S 22°27'08"O

(2 x 1) (2)

TOTAAL AFDELING B: 30
GROOTTOTAAL: 150



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

GEOGRAFIE V2

MEI/JUNIE 2025

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Die nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

NASIENBEGINSELS VIR GEOGRAFIE- NSS NOVEMBER 2024 EN SC/NSS JUNIE 2025

Die volgende nasienbeginsels is ontwikkel om nasien in alle provinsies te standaardiseer.

MERK

- ALLE vrae MOET gemerk word, ongeag of dit korrek of verkeerd is
- Waar die maksimum punte vir 'n spesifieke vraag toegeken is, plaas 'n oor die res van die teks om aan te dui dat die maksimum punte behaal is. **M**
- Wanneer die korrekte antwoord meer as een keer vir dieselfde vraag gegee word **R**
- 'n Duidelike, netjiese regmerkies moet gebruik word: ✓
 - As EEN punt toegeken word, moet EEN regmerkies gebruik word: ✓
 - As TWEE punte toegeken word, moet TWEE regmerkies gebruik word: ✓✓
 - Die regmerkies moet geplaas word by die FEIT waar 'n punt toegeken word
 - Regmerkies moet KLEIN gehou word, aangesien verskillende lae moderering kan plaasvind
- Verkeerde antwoorde moet met 'n duidelike, netjiese kruis gemerk word: ✕
 - Gebruik MEER as een kruisie oor 'n paragraaf/besprekingstylvrae om aan te dui dat alle feite oorweeg is
 - MOENIE 'n streep deur 'n verkeerde antwoord trek nie
 - MOENIE die verkeerde feite onderstreep nie

Vir die volgende aksiewoorde is EEN-woord antwoorde aanvaarbaar: **lys, noem, identifiseer**

Vir die volgende aksiewoorde moet 'n VOLLEDIGE sin geskryf word: **beskryf, verduidelik, evalueer, ontleed, stel voor, onderskei, definieer, bespreek, waarom, hoe**

Die volgende aksiewoorde moet binne sy konteks gelees word om te bepaal of 'n EEN-woord antwoord of VOLLE sin vereis word: **verskaf, wat, tabuleer en gee**

LET OP DIE VOLGENDE

- As die nommering verkeerd is of weggelaat word, solank die volgorde van antwoorde op vrae gevolg word, kan kandidate gekrediteer word
- Spelfoute, indien herkenbaar, ken die punte toe mits die betekenis korrek is.
- Wees sensitief vir die sin van 'n antwoord, wat op 'n ander manier gestel kan word
- Op vrae waar 'n letter die aanvaarde antwoord is, maar die leerder die werklike antwoord neerskryf - ken die punte toe.
- Daar sal addisionele riglyne vir die nasien van sekere vrae wees.

TOTAAL EN OORDRAG VAN PUNTE

- Elke subvraag moet opgetel word
 - Vrae in Afdeling A het vyf onderafdelings, dus vyf sub-totale per vraag word vereis. Afdeling B het drie onderafdelings en drie subtotale.
 - Onderafdelingtotale moet in die regterkantse kantlyn geskryf moet word en onderstreep moet
 - Subtotale moet leesbaar geskryf word
 - Laat ruimte om gemodereerde punte op verskillende vlakke in te skryf
- Tel subtotale op en dra totaal oor aan die linker boonste kantlyn langs die vraagnommer
- Oordrag totaal na omslag van antwoordboek

30

VRAAG 1

1.1.1 A (Suid-Atlantiese Hoog) (1) ✓

1.1.2 B (Kalahari High) (1) ✓

1.1.3 B (Suid-Indiese) (1) ✗

2

1.2.1 Smeltende sneeu ✓

1.2.2 Mond ✗


1.2.3 Derde orde ✓

2

1.3.1 Katabatiese ✗

1.3.2 1 kom gedurende die dag voor terwyl 2 snags voorkom ✓✓

1.3.3 Koue lug rol af in die vallei en vorm 'n inversie ✓✓



Lug vloei teen die helling af ✓✓

6

1.4.1 Vorm van voorste konkaaf ✗
Steil helling van front ✓

1.4.2 Warm lug ondergrawe die koue lug ✗

1.4.3 Lug agter die kouefront is kouer as die lug voor. Koue lug beweeg vinniger as warm lug voor dit. Koue front haal die warm voorkant in. ✓✓

7

1.5.1 (a) 'n Rivier wat net heeljaar vloei ✗

(b) Die rivier kanaal is wyd ✗

(c) Gereeldheid van reënval en die grondtipe waaroor die strome vloei. ✓✓

1.5.2 Gauteng en die Oos-Kaap ✗

1.5.3 Die koste van voedselproduksie sal toeneem, want dit is duur om gesuiwerde water te koop. Boere sal meer chemikalieë moet koop om water te suiwer. Chemikalieë kos baie en dit sal produksiekoste verhoog. Dit sal duur wees om water te suiwer vir gebruik in elektrisiteitsopwekking. Hierdie koste sal by elektrisiteitspryse ingesluit word. Koste sal die prys van elektrisiteit tydens produksie verhoog. Daar sal minder skoon water wees om hidro-elektrisiteit op te wek.

13

**AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE
GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA****VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING**

1.1	1.1.1	Z (1)		
	1.1.2	Y (1)		
	1.1.3	Y (1)		
	1.1.4	Z (1)		
	1.1.5	Y (1)		
	1.1.6	Z (1)		
	1.1.7	Y (1)		
	1.1.8	Y (1)	(8 x 1)	(8)
1.2	1.2.1	C (1)		
	1.2.2	B (1)		
	1.2.3	D (1)		
	1.2.4	B (1)		
	1.2.5	B (1)		
	1.2.6	C (1)		
	1.2.7	B (1)	(7 x 1)	(7)

1.3	1.3.1	' Die vordering gemaak is beter as wat die politici voorgee' (1)	(1 x 1)	(1)
	Haal aan v d uittreksel			
	1.3.2	Grondrestitusie (1)	(1 x 1)	(1)
	1.3.3	Gewillige-koper-gewillige-verkoper (1)	(1 x 1)	(1)
	1.3.4	Verkopers wil buitensporige bedrae geld vir hul grond hê (2)		
	Beskryf uitdagings geassosieer met grondherverdeling beginsel	Kopers/Regering het nie die begroting om die grond te koop nie (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Dit is 'n lang en uitgerekte proses(aanvaar voorbeelde) (2)		
		Regskoste is duur (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Verkoper kry nie 'n regverdigte verkoopsprys vir die grond nie (2)		
		Verkoper onwillig om hul grond te verkoop(aanvaar voorbeelde) (2)		
		Korrupsie met betrekking tot die proses (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.3.5	Daar kan regsgeskilte tussen verskillende groepe mense wees (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Verduidelik TWEE sosiale faktore wat grondrestitusie verdraag is SA	Mense het nie die nodige dokumentasie nie(aanvaar voorbeelde)(2)		
		Armoede sal uitdagings vir mense skep (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Gebrek aan formele onderwys (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Kulturele waardes sal grondruiling belemmer (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.3.6	Grondbesit skep toegang tot finansiering/lenings (2)		
	Stel voor hoe grondhervorming ekonomiese sekuriteit in landelike gebiede gee	Daar sal 'n verskuiwing na kommersiële boerdery wees (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Werkseleentheid sal geskep word (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Verbeter finansiële stabiliteit (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Verlaagde voedselpriese vir plaaslike inwoners (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Toename in vermenigvuldiger-effek/koopkrag (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Bevorder infrastruktuurontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
1.4	1.4.1	Grond in 'n stedelike area wat vir 'n <u>spesifieke doel/funksie</u> gebruik word (2)		
		[KONSEP]	(1 x 2)	(2)
	1.4.2	Verskillende grondgebruiksones het verskillende vereistes (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Waarom kom verskillende grondgebruiksones voor?	Nie alle stedelike funksies is versoenbaar nie (2)		
		[ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	1.4.3	Naby aan die groengordel (1)		
	Gee TWEE faktore op sketskaart wat <u>ligging</u> v. Hoë-inkomste res. <u>beïnvloed</u>	Naby aan die landelike-stedelike oorgangsones (1)		
		Weg van die swaar nywerheidsgebied (1)		
		Weg van die SSK/oorgangsones (1)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)

<p>1.4.4</p> <p>Noem EEN kenmerk van oorgangsones B</p>	<p>(a) Geleë aan die rand van die SSG (1)</p> <p>Gefragmenteerde/onreëlmatige vorm (aanvaar voorbeelde) (1)</p> <p>Hoë grondwaardes (1)</p> <p>Gemengde grondgebruik (1)</p> <p>Graffiti op die mure (1)</p> <p>Sosiale euwels (aanvaar voorbeelde) (1)</p> <p>Ou/vervalle geboue (1)</p> <p>Toestroming van buitelanders/onwettige immigrante (1)</p> <p>Toestroming van studente (1)</p> <p>Swak infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (1)</p> <p>Informele handelaars/smuse (1)</p> <p>Hoë vlak van besoedeling (1)</p> <p>[ENIGE EEN]</p>	<p>(1 x 1) (1)</p>
<p>Waarom omring die oorgangsones nie grondgebruiksones A geheel en al nie</p>	<p>(b) Gebied is oorgeneem deur die funksies van die SSK (2)</p> <p>Indringing en opvolging (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>[ENIGE EEN]</p>	<p>(1 x 2) (2)</p>
<p>1.4.5</p> <p>Wat is die belangrikheid van groengordels in stedelike nedersettings</p>	<p>Ongebreidelike stedelike uitbreiding word beheer (2)</p> <p>Verhoog suurstofvlakke (2)</p> <p>Verlaag koolstofdioksied-vlakke (2)</p> <p>Verminder besoedeling (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>Natuurlike habitate word gehandhaaf (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>Biodiversiteit word verhoog (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>Skep 'n buffer tussen grondgebruiksones (2)</p> <p>Natuurlike voedselkettings/voedselwebbe/ekosisteme word gehandhaaf (2)</p> <p>Verminder die hitte-eiland-effek/temperature (2)</p> <p>Verhoog estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>Verhoog eiendoms waarde (2)</p> <p>Tree op as vloedbeheer (2)</p> <p>Voorsien ontspanningsgebiede (2)</p> <p>[ENIGE EEN]</p>	<p>(1 x 2) (2)</p>
<p>1.4.6</p> <p>Waarom is die ligging van die lae-inkomste res.area voordeel en nadeel vir inwoners in die area. (verwys na die skets)</p>	<p>VOORDEEL</p> <p>Korter afstand na hul werk (2)</p> <p>Laer vervoerkostes (2)</p> <p>Nywerhede verskaf goedere (2)</p> <p>Werkgeleenthede (2)</p> <p>Toegang tot dienste vanaf die industriële gebied (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>Goedkoop grondwaardes/goedkoper behuisung (2)</p> <p>Naby 'n groengordel (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>NADEEL</p> <p>Hoë vlakke van besoedeling (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>'n Hervestigingsbedreiging as gevolg van uitbreiding (van die industriële gebied) (2)</p> <p>Gebrek aan estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde) (2)</p> <p>[ENIGE TWEE - MOET EEN VOORDEEL EN EEN NADEEL NOEM]</p>	<p>(2 x 2) (4)</p>

1.5	1.5.1	83 (1)	(1 x 1)	(1)
	1.5.2	Werkers arriveer laat/afname in produksie (2) Verlies van werk/vermindering in salaris (2) Aflerings word vertraag (aanvaar voorbeelde) (2) Afname in beskikbare mark (2) Afname in winste (aanvaar voorbeelde) (2) Besighede kan sluit (aanvaar voorbeelde) (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	1.5.3	Dit word duurder/nie bekostigbaar nie (aanvaar voorbeelde) (2) Voorkeur vir privaat vervoer (aanvaar voorbeelde) (2) Dit mag nie alle gebiede bedien/bereik nie (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	1.5.4	(Bou) ringpaaie (2) (Bou) verbypaaie (2) (Skep) Eenrigtingstrate (2) Sinkroniseer verkeersligte (2) Toegewyde bane (aanvaar voorbeelde) (2) Rigtingbaanveranderinge (aanvaar voorbeelde) (2) Verhoog die aantal bane (aanvaar voorbeelde) (2) Doeltreffende padonderhoud (aanvaar voorbeelde) (2) Geoutomatiseerde sensorverkeersligte (aanvaar voorbeelde) (2) Verbeter / herontwerp kruisings/verkeersirkels (2) (Vertoon) elektroniese borde (aanvaar voorbeelde) (2) [ENIGE VIER]	(4 x 2)	(8)
				[60]

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1	2.1.1	D (1)		
	2.1.2	A (1)		
	2.1.3	B (1)		
	2.1.4	B (1)		
	2.1.5	D (1)		
	2.1.6	C (1)		
	2.1.7	A (1)	(7 x 1)	(7)
2.2	2.2.1	Ligte (1)		
	2.2.2	Markgeoriënteerde (1)		
	2.2.3	Alomteenwoordige (1)		
	2.2.4	Swaar (1)		
	2.2.5	Grondstof-georiënteerde (1)		
	2.2.6	Ongebonde (1)		
	2.2.7	Vragverbrekingspunt (1)		
	2.2.8	Ligte (1)	(8 x 1)	(8)
2.3	2.3.1	Gauteng (1)	(1 x 1)	(1)
	2.3.2	Minder grond beskikbaar (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Gee 'n rede vir lae produksie	Swak weiveld (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.3.3	Verskil in kommersiële- en bestaansboerdery (2)		
	Stel TWEE mens gemaakte faktore voor wat 'n verskil in die hoeveelheid beesvleisproduksie veroorsaak het.	Kulturele praktyke (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Verskillende teelbestuursprogramme (2)		
		Hoeveelheid vee wat vir die produksie van melk gebruik word (2)		
		Verskil in stedelike bevolking (2)		
		Menslike voorkeur vir beesvleis (2)		
		Verskil in opvoeding/vaardighede (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)

	2.3.4	Dra by tot die BBP (aanvaar voorbeelde) (2)		
	<u>PARAGRAAF</u>	Stimuleer die uitvoerhandel (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Verduidelik	Stel instaat dat buitelandse kapitaal die land mag in vloeï (2)		
	belangrike	Voorsien die binnelandse mark (aanvaar voorbeelde) (2)		
	bydrae van	Verskaf werk (aanvaar voorbeelde) (2)		
	<u>beesvleis</u>	Voorsien grondstowwe (aanvaar voorbeelde) (2)		
	produksie tot	Verminder beesvleis invoere/voedselsekureit (2)		
	die S.A	Stimuleer die tersiêre sektor/vermenigvuldiger-effek (aanvaar voorbeelde) (2)		
	ekonomie	Stimuleer die groei van landelike gebiede (2)		
		Ontwikkel infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)		
		Nuwe vaardighede word ontwikkel (aanvaar voorbeelde) (2)		
		[ENIGE VIER]	(4 x 2)	(8)
2.4	2.4.1	9,8 (%) (1)	(1 x 1)	(1)
	2.4.2	Dit skep formele indiensneming (2)		
	Hoe verhoog	Vermenigvuldigingseffek (2)		
	buitelandse	Dit verhoog industriële ontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)		
	beleggings	Dit verhoog produksie van goedere (2)		
	die SW Kaap	Verhoog die hoeveelheid dienste (2)		
	kernnywerheidsgebiede	Dit verhoog ontwikkeling in infrastruktuur (2)		
	se	Vaardigheidsontwikkeling/-onderwys (2)		
	bydra tot die	[ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	BBP van S.A.			
	2.4.3	Landbouprodukte is beskikbaar (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Waarom is	Beskikbaarheid van grondstowwe (aanvaar voorbeelde) (2)		
	beleggings in	Ontwikkeling van skakelnywerhede (aanvaar voorbeelde) (2)		
	ligte	[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	nywerhede			
	algemeen			
	2.4.4	Verbeter die lewenstandaard (aanvaar voorbeelde) (2)		
	Hu <u>werkskeping</u>	Dit verlig armoede (aanvaar voorbeelde) (2)		
	in SW	Lei tot beter vaardighede (2)		
	kern'n <u>posisie</u>	Verminder misdaad (2)		
	<u>we impak op</u>	[ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	<u>mense</u> in			
	gebied			
	2.4.5	PAAIE EN HAWENS		
	Verduidelik	Vervoer van grondstowwe (2)		
	<u>posities</u>	Vervoer van klaarprodukte (2)		
	<u>impak</u> v	Geskikte liggings vir vragverbrekingpunt nywerhede (2)		
	padinfrastruktuur	Fasiliteer die grootmaatuitvoer/invoer van goedere (aanvaar voorbeelde) (2)		
	en	PAAIE		
	hawens op	Vergemaklik die vervoer van werkers (2)		
	nywerheidsgr	Digte netwerk van paaie verhoog toeganklikheid (2)		
	oei in gebied	HAWENS		
	(sketskaart)	Houerfasiliteite vir berging (2)		
		[ENIGE TWEE - MOET 'N FAKTOR OP DIE PAAIE EN DIE HAWE VERDUIDELIK]	(2 x 2)	(4)

2.5	2.5.1	'... waar daar meer as twee miljoen informele besighede is' (1) '... is die informele sektor vir meer as 50% van die arbeidsmag verantwoordelik ' (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
	2.5.2	Produkte is goedkoper (in die informele sektor) (2) Produkte is duurder (in die formele sektor) (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.5.3	Gee TWEE maniere waarop informele handel <u>positiese, sosiale</u> impak op lewens van mense het Lewenskwaliteit verbeter (aanvaar voorbeelde) (1) Verbeter lewenstandaard (1) Dit bied hulle werk (1) Verminder armoede (1) Toegang tot dienste/fasiliteite (1) Verminder misdaad (1) Gerieflik (1) [ENIGE TWEE]	(2 x 1)	(2)
	2.5.4	Waarom is regering <u>genoodsaak om handel</u> in die informele sektor gebruik om aan werkloosheid aandag te gee Hulle het nie die kapasiteit om werk te skep nie (2) Nie in staat om genoeg buitelandse beleggings te lok nie (aanvaar voorbeelde) (2) Beperkte begroting om formele werk te skep (aanvaar voorbeelde) (2) Aantal mense wat werk soek, oorskry die beskikbaarheid van werk (2) Baie mense het nie opleiding/vaardighede vir formele werk nie (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	2.5.5	Beskryf die <u>swak omstandighede</u> waaronder informele handelaars werk Beperkte toegang tot basiese geriewe (aanvaar voorbeelde) (2) Geleë in gebiede met hoë misdaadsyfers (aanvaar voorbeelde)(2) Ongunstige weersomstandighede (aanvaar voorbeelde) (2) Geteister deur die owerhede (aanvaar voorbeelde) (2) Beperkte toegang tot basiese dienste (aanvaar voorbeelde) (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
	2.5.6	Verduidelik die <u>negatiewe ekonomiese impak</u> van die toenemende aantal informele handelaars in S.A Formele besighede sal minder winste hê/sluit (aanvaar voorbeelde) (2) Lei tot afname in indiensnemingsgeleenthede (in die formele sakesektor) (2) Die belastingbasis van die land sal verminder word (aanvaar voorbeelde) (2) Begrotings vir regeringsektore sal afneem (2) Verhoogde aankoop van goedkoop/nagemaakte goedere (2) [ENIGE TWEE]	(2 x 2)	(4)
				[60]
TOTAAL AFDELING A:				120

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

3.1	3.1.1	A (1)	(1 x 1)	(1)
	3.1.2	VI = 209 – 204 = 5 (1) m HE = 10,3 x 100 = 1030 (1) m $\frac{5}{1030}$ (1) (korrekte vervanging) = 1 : 206 (1)	(4 x 1)	(4)
	3.1.3	33° 55 (1)' <u>55</u> "S; 22° 25' 43 (1) "O (Speling 40" - 45")	(2 x 1)	(2)
	3.1.4	(0,9 x 500 m) (0,8 x 500 m) 450 (1) m x 400 (1) m = 180 000 m ² (1)	(3 x 1)	(3)
	3.2.1	hoë (1)	(1 x 1)	(1)
	3.2.2	Dit is naby die gholfbaan (1) Naby die gholflandgoed (aanvaar voorbeelde) (1) Naby die ontspanningsgeriewe (1) Groter erwe/min huise/lae digtheid (1) Dit is in die landelik-stedelike oorgangsone (1) Gebied het estetiese aantrekkingskrag (1) Geleë weg van die SSG(1) Geleë weg van swaar nywerheidsgebied (1) [ENIGE EEN]	(1 x 1)	(1)
	3.2.3	Rioolwerke (1)	(1 x 1)	(1)
	3.2.4	Dit is weg van die beboude/residensiële gebied (aanvaar voorbeelde) (2) Grond is goedkoper in hierdie sone (2) Groot oop ruimtes (2) Geleidelike grond of helling (2) Geleë op die laagste punt (2) Geleë naby 'n rivier (2) [ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)

<p>3.2.5 Gee TWEE bewyse wat daarop dui dat George 'n gewilde toeristebe stemming is (verwys a gebied deur George beslaan)</p>	<p>Gholfbane (aanvaar voorbeelde) (1) Vakansieoord (1) Dowwe pad en voetslaan (1) Parke (aanvaar voorbeelde) (1) Beboste gebied (1) Sportgronde (1) Skougronde (1) Grondfietsroete (1) Ontspanningsgebiede (1) Standhoudende/nie-standhoudende water/standhoudende/nie-standhoudende strome/moerasse en vlei (1) Landingstrook (1) Gholflandgoed (1) Katrivier Natuurreservaat (1) Perdryklub (1) Kaapse Tuinroete Botaniese Tuine (1) Monumente (aanvaar voorbeelde) (1) Witfontein-woud (1) [ENIGE TWEE]</p>	<p>(2 x 1) (2)</p>
<p>3.2.6</p>	<p>Bome (1)</p>	<p>(1 x 1) (1)</p>
<p>3.2.7 Rede vir verskynsel 10</p>	<p>Growwe tekstuur (2) Donker (swart) skakering/toon (2) Verwysing is Beboste gebied(2) [ENIGE EEN]</p>	<p>(1 x 2) (2)</p>
<p>3.2.8 Identifiseer TWEE faktore wat die ligging van nywerhede beïnvloed het</p>	<p>Vervoerroetes (aanvaar voorbeelde) (1) Gelyke grond/sagte reliëf (1) Beskikbaarheid van arbeid (1) Kraglyne (1) Watervoorraad (1) Markte (1) Beskikbare grond (1) [ENIGE TWEE]</p>	<p>(2 x 1) (2)</p>

3.1	3.3.1	Raster (1)	(1 x 1)	(1)
	3.3.2	Dit is 'n beeld/foto (2)		
	Rede	Dit bestaan uit piksels/ beeldelemente (2)		
		[ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.3.3	Topografie/reliëf (1)	(1 x 1)	(1)
	3.3.4	Moeilik om op te bou (2)		
		Duurder om op te bou (2)		
		[ENIGE EEN]	(1 x 2)	(2)
	3.3.5	1 B (1)		
		2 A (1)	(2 x 1)	(2)
			TOTAAL AFDELING B:	30
			GROOTTOTAAL:	150